# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (30/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick (7 Augustus 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Realism has nothing more to do with reality than anything else" Hob Broun***

## KENNISGEWING VAN CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA SE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering van die Citrus Growers Association of Southern Africa gaan by die Intercontinental Hotel, ORT, Johannesburg op Donderdag, 27 Augustus 2015 om 15:30 gehou word.
RSVP asseblief aan Gloria by 031-7652514 of gloria@cga.co.za teen Maandag 24 Augustus as jy dit wil bywoon.
Die agenda vir die AJV is as volg:

1. Verwelkoming
2. Verskonings
3. Goedkeuring van die Notule van die vorige AJV
4. Enige sake uit die Notule van die vorige AJV
5. Voorsitter se verslag vir die jaar April 2014 tot Maart 2015
6. Wysiging aan die Grondwet: Onttrekking van Pongola streek weens die daling in die getal van sitrusprodusente (voorgestel deur R A Rouillard)
7. Bevestiging van die Raad soos gelys.
8. Bevestiging van die Oudit Komitee lede..
9. Goedkeuring van die finansiële state vir die periode van April 2014 tot Maart 2015
10. Aanstelling van Ouditeure
11. Vlak van vergoeding van ouditeure
12. Goedkeuring van finansiële bystand aan verwante groepmaatskappye
13. Enige ander sake ....

Die Jaarlikse Finansiële State vir die jaar geëindig op 31 Maart 2015 is op die wagwoord beskermende gedeelte van die CGA se webtuiste beskikbaar (www.cga.co.za). Alternatiewelik kan die CGA se kantore by 031–765 2514 geskakel word of by info@cga.co.za as jy 'n harde kopie per pos wil ontvang.

## JULIE EUROPHYT – REKORD VAN ONDERSKEPPINGS VAN SKADELIKE ORGANISMES IN DIE EU

Die Junie EUROPHYT het twee Suid-Afrikaanse onderskeppings vir CBS en een van Argentinië ingesluit. Die Julie EUROPHYT berig oor 'n addisionele vier CBS onderskeppings vanaf Argentinië (totaal 2015 is nou 5), en 'n addisionele twee vanaf Suid-Afrika (2015 totaal is nou 4). Bangladesh, Swaziland en Uruguay het ook elk een CBS onderskepping in Julie gehad.

## GEPAK EN VERSKEEP (ALLE KARTONNE IS AANGEPAS OM DIE 15Kg EKWIVALENTE TE REFLEKTEER)

**POMELO FOKUS:** Soos die gordyn na 'n suksesvolle Suid-Afrikaanse pomelo veldtog sak, is dit egter vir die Pomelo Fokusgroep nodig om hul potlode nog een maal te skerp te maak - syfers van wat tot op datum gepak is plus die later rypwordende areas plaas die finale telling van die pomelo's wat gepak is nader aan die aanvanklike 15.3 miljoen kartonne skatting. Die grootste pomelo produserende area van Letsitele sal op 4.6 miljoen kartonne afsluit – meer as beide die 2014 en die voorspelling van 4.4 miljoen. Hul bure in Hoedspruit gaan ook hoër eindig as 2014 (3.7 miljoen) en die aanvanklike skatting (4.1 miljoen) - die nuutste voorspelling lyk na 4.2 miljoen. Onderberg behoort af te sluit op 3.2 miljoen (effens op van 2014 (2.9 miljoen) en die voorspelling van 3.1 miljoen). Limpoporivier behoort op hul voorspelde 0.9 miljoen klaar te maak (2014 1.2 miljoen). Nkwalini is gelyk met die 2014 volumes, skatting en voorspelling almal op 0.7 miljoen. Oranjerivier sal op dieselfde vlak wees (0.7 miljoen) - dieselfde as 2014 maar effens op van die geskatte 0.6 miljoen.
Met net meer as 'n miljoen kartonne wat nog verskeep moet word en as 'n soortgelyke verspreiding oor die laaste paar weke van die pomelo se verskeping aanvaar word, is die globale verspreiding baie soortgelyk aan 2014. Japan en Noord-Europa het 50% van die uitvoervolumes ontvang - in 2015 het die Japanese volumes effens gedaal (vanaf 3.4 tot 3.2 miljoen kartonne), terwyl 'n onvoorsiene vroeë mark daartoe gelei het dat die Noord-Europese volumes vanaf 4 tot 4.3 miljoen kartonne vermeerder het. Chinese volumes het vanaf 1 miljoen in 2014 tot 1.5 miljoen in 2015 gestyg – 10% van die totale volume wat verskeep is. Rusland, Verre Ooste en Suid-Europa het almal ongeveer dieselfde as die 2014 se 1.2 miljoen kartonne ontvang; terwyl die Midde-Ooste en Noord-Amerika elk 0.6 miljoen ontvang het (ook soortgelyk aan 2014).
Gedurende die afgelope week het die Suurlemoen en Sagte Sitrus Fokusgroepe vergader en hul voorspelde volumes opwaarts aangepas; die Pomelo voorspelling is ook opwaarts aangepas – in ag geneem dit wat werklik tot op datum gepak is.

| Tot einde Week 31 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 17 m | 14.7 m | 15.2 m | 13.6 m | 14.4 m | 15.3 m | **15.2 m** | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 6.8 m | 8.3 m | 8.1 m | 7.5 m | 7.4 m | 10 m | **9.7 m** | 10 m |
| Suurlemoene | 9.5 m | 12.5 m | 13.1 m | 11.6 m | 12.3 m | 13.6 m | **14.3 m** | 13.2 m |
| Nawels | 23.2 m | 22.4 m | 21.6 m | 20 m | 20.1 m | 25.1 m | 23 m | 26 m |
| Valencias | 18.5 m | 18.5 m | 19 m | 11.2 m | 11.3 m | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 75 m | 76.4 m | 77 m | 63.9 m | 65.5 m | 113.1 m | 111.3 m | 115.7 m |